

**29 Mei**

**Skrifgedeelte: Jeremia 51 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Jeremia 51:48**

**Wanneer die hele skepping juig ... oor Babel se vernietiging**

Die laaste boodskap van die profeet Jeremia is eers hardop in Babel voorgelees waarna dit aan 'n klip vasgemaak en in die Eufraat gegooi is (*Jer 51:61 en 63*). Dit is 'n boodskap van wêreldoordeel wat hier in hoofstuk 51 op Babel gefokus word. 'n Boodskap wat jare later met 'n "*hand teen die muur*" in die paleis van Belsassar verseël is (*Dan 5*). In ons tekswoorde (*Jer 51:48*) kom God se opdrag dat die hele skepping reeds kan jubel en juig, omdat Babel se vernietiging volkome sal wees.

Alhoewel die Babelryk van ouds inderdaad vernietig is (*soos God in hierdie hoofstuk belowe het*), leef hy tog voort in die ontwikkeling van 'n globaliserende "*wêreldmag*" wat, hoewel religieus in sy kern, heeltemal anti-Christelik in sy realisering is. Net soos in die tyd van die historiese Babelse wêreldryk is die hele wêreld ook in hierdie dae in beweging en is onder Goddelike beskikking besig om reggeskuif te word, hierdie keer vir die tweede koms (*wederkoms*) van Jesus Christus.

Met hierdie profetiese belofte in Jeremia 51 kan ons as Christene in 2009, self sugtend soos en saam met die skepping (*Rom 8:22 en 23*), uitsien na die tyd ... wanneer die hele skepping sal juig oor die finale vernietiging van Babel.

In die harde Babels-werklikheid van die hede moet ons reeds die profetiese koorsang van die toekoms (*die skeppingskoor wat jubel en juig*) kan hoor. Ons oorwinning is net soos Babel se vernietiging – vas en seker.

*Sing: Psalm 33:7, 9, 10 en 11 (1936-beryming)*

*Ds IW Ferreira (Rietvallei)*